# Loergaatjie op ons Lewens

Im Nustenbacher Grund 8, 74821 Mosbach, Duitsland – Tel +49 6261 6741700 - Email:mengessandra@gmail.com

September 2012

Liefste Julle!

Dié keer gesels Tobias:
Eintlik wou ek op pad terug huis toe my preek vir Sondag voorberei. Die teks vir die preek was Handelinge 3: "Nood in die oë kyk". Maar op pad lughawe toe reis 'n Amerikaanse OM familie saam met my: twee treine en 'n bus tot by die lughawe in Romenië. Hulle is op pad huis toe met 3 klein kindertjies en het natuurlik 'n hoop bagasie by hulle. Ek help hulle om, vol treine ten spyt, betyds by die lughawe uit te kom.

As ek uiteindelik my sitplek op die vlug na Frankfurt vind, vra my reisgenoot: *"Romeens? Frans? Engels?"* Ek kies Engels en hy begin gesels. Hy wou weet waarom ek in Romenië was. "*Ek werk by 'n Christelike organisasie. Ek was by die jaarlikse 'retreat' van ons werkers van Moldawië en het elke dag vir hulle Bybelstudie aangebied. Omdat daar in Moldawië nie berge, see of enige ander toeriste aantreklikhede is nie, het ons mekaar in Romenië ontmoet"*, verduidelik ek. Hy wil meer weet. Wat maak ons in Moldawië? Ek vertel vir hom van ons 40 personeellede (waarvan die helfte Moldawiërs is) en van ons 11 dagsorg sentrums in die land. "*Ons motiveer gemeentes om met ons te werk. Ons wys hulle dat daar 'n behoefte in hul eie dorpies is vir 'n dagsorgsentrum. Die gemeentes moet dan drie mense in hulle midde vind: iemand wat die sentrum kan lei, 'n kok en 'n onderwyseres. Die spannetjie versorg die kinders na skool met kos, hulp met huiswerk en speletjies. Die gemeente neem die verantwoordelikheid om 5% van die kostes te dek die eerste jaar, 10% die tweede jaar en so gaan dit aan – totdat dit hulle eie inrigting word.*" My Romeense reisgenoot wou weet hoeveel % plaaslike dekking vir die projekte realisties is. 60% by ons beste projek. Hy was beïndruk. "*Mens kan met geld baie mense motiveer*", meen hy.

"*Gekoopte motivering is net daar solank daar geld is,*" antwoord ek. "*Om mense te motiveer om langtermyn vir ander daar te wees, kan net gebeur as iets in 'n mens se hart verander. Dis waar geloof inkom. Wat ons in Moldawië – en in baie ander plekke - beleef, is: Jesus maak ons vry van ons gevangenskap van egoïsme en help ons om in liefde uit te reik na ander.* "

Net hier maak hy seker Tobias verstaan waar hy staan: "*Ek het niks met die kerk in gemeen nie. Ek kom goed reg sonder die kerk*", meen hy. Tipiese refleks-reaksie van die moderne Europeër. Ek stem nogal saam. Ongelukkig is daar te veel mense vir wie Kerk die grootste streukelblok tussen hulle en God is. Hy raak weer gemaklik in ons gesprek want iemand verstaan. Hy vertel hoe hy God gesoek het – buite die kerk. Vir die volle drie ure van die vlug het ons 'n intensiewe gesprek oor God en die mens. Hy is argitek in Frankryk en wil graag 'God se spoor in die natuur' in sy werk deurgee. Sy Katolieke agtergrond beteken vir hom niks meer nie en so soek hy vrede in Sufisme. Ek luister baie, vra baie vrae.
Tipies postmodern: "*Alle gelowe lei tog op die ou einde na dieselfde wortels.*"
"*Glo jy dat God die mens gemaak het of mense vir God gemaak het?*" Nee, hy glo God het die mens gemaak.
"*Hoe kan 'n mens God leer ken, behalwe as God homself aan die mens openbaar?*"
Ek verduidelik hoe Jesus die enigste openbaring van God is en hoe geskiedkundig kritiese teoloë probeer bewys dat die Bybel nie waar is nie. Ek verduidelik waarom die vier Evangelies geloofwaardig is en ek vertel van 'amazing' ervarings rondom die wêreld, van mense wat ek leer ken het wat nie net Christene genoem word nie, maar regtig vir Jesus volg en 'n geloofwaardige getuienis van die waarheid in die Evangelies is.

As ons in Frankfurt land, beny hy my dat ek die voorreg het om dit waarvan ek oortuig is, uit te leef in my beroep. Ek verduidelik vir hom dat enige beroep as 'aanbidding' uitgeoefen kan word – ook sy beroep as argitek en in twee minute vat ek my 5 Bybelstudies saam wat ek die afgelope week in Romenië gelei het. In terminal 1 ruil ons adresse uit en groet.

Die laaste stuk van my reis – dié in die trein na Mosbach – word toe my preekvoorbereidingstyd.

Maar eers gou bietjie meer oor Moldawië, die armste land in Europa. As Nicoleta van die skool huis toe kom, wag daar nie 'n mamma en pappa op haar nie. Haar ouers het sy die laaste keer gesien toe hulle drie en 'n half jaar terug vertrek het. Hulle is weg, uit totale armoede in Oos-Moldawië, om in Griekeland te probeer werk kry. Sedertdien bly die 6-jarige by haar ouma. Liuba Munteanu is moeg, want behalwe vir Nicoleta versorg sy ook die twee kinders van haar seun (wat in Moskou werk), 2 koeie en 'n groentetuin. "*Haar kinders het hier nie 'n kans om hulle families te versorg nie*", vertel sy. Die ouers is onwettig in Griekeland en kan daarom nie terugkom om hul kind te sien nie. 'n Kwart van die Moldawiërs het die land verlaat om iewers anders geld te verdien. Elke derde kind word sonder hulle ouers groot – baie maak hulself groot sonder enige volwasennes in die huis.

Terug na my preekvoorbereiding: In Handelinge 3 kyk Petrus na die lam man by die tempel en sê "Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het, gee ek jou. In die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop." Ek besef dat dit wat ek op pad terug van Romenië gedoen en beleef het, my preekvoorbereiding was. God sê: Kyk die nood van mense in die oë en gee vir hulle wat God vir jou gegee het. Help ander om te besef watter lewensveranderende ontdekking Jesus is. Ek wonder: is ons bereid om oplettend deur die dag te loop en ander mense se nood regtig raak te sien? Neem ons waar wat om ons gebeur? Sien ons raak waar God 'n mens wil aanraak? Ek is nog besig om te leer....

Iets heeltemal anders: ons Lighuis in Halle, Oos-Duitsland.
OM se nuwe kultuursentrum is 'n plek buite die mure van die kerk wat 'n bron vir mense op pad wil wees. Die geboue is amper klaar omgebou en ingerig en einde Oktober wil ons graag ons kultuursentrum offisieel oopmaak. Ek is op die oomblik besig om ons span daar te ondersteun met die samestelling van regskontrakte en om al die papierwerk wat mens vir so iets nodig het, te doen. Ook soek ek firmas wat skenkings kan maak vir die dinge wat ons nog nodig het. En ek help om die nuwe ouens in die span op te lei vir hulle toekomstige werk in die kultuursentrum. Die belangrikste deel van die sentrum is 'n koffiewinkel – en dit is vir ons almal iets nuuts. Ek kan baie stories van gebedsverhoring vertel, maar ook van berge wat nog voor ons lê .......!

En Donderdagaand het Tobias in 'n erediens van ons Xenos span (ons diens aan immigrante in Heilbronn) gepreek..... In die erediens in die ou poskantoor sit 'n kleurryke groep van so 30 – 35 volwassenes en nog so 20 kinders. Voor die preek bid ons saam vir Sirië. Tobias se preek word in Arabies en Persies vertaal. Normaalweg ook inTurks, maar vanaand kies ons Engels ipv Turks. Twee Pakistanis is vir die eerste keer daar. Die kleinste kindertjies speel speletjies in ons kantoor, die groter kinders betrek ek by die preek oor die mure van Jericho. Hulle mag die storie in konsert-vorm uitbeeld. Ek preek net een hooftema: As God vir ons is, wie kan teen ons wees? So hoe kan ons weet dat God vir ons is? Die hoogtepunt van die aand is die aandete wat ons saam eet. Twee Aramese manne sit by my tafel. Hulle vertel my dat hulle beide uit dieselfde stad in Irak kom, en mekaar die aand vir die eerste keer ontmoet het by die erediens. Ons gesels oor die situasie van gelowiges in Irak en hoe dinge vir hulle beter was onder Saddam Hussein. Hulle vertel dat dit in Sirië dieselfde is. Ons praat oor wat christelike naasteliefde beteken teenoor 'n gewelddadige godsdiens. Op pad na my motor kom gesels 'n 18-jarige Arabiese Moslem met my. Hy het daarvan gehou dat die kinders aan die preek kon deelneem. Hy help my verstaan waar ek 'verkeerd' gepreek het na aanleiding van die Koran storie en ons gesels oor die verskille. Ek het hom aangemoedig om self die Bybel te lees om nog meer verskille te ontdek en dan self te besluit wat waar is. Een van ons medewerkers bied juis binnekort n Bybelstudie oor die onderwerp aan. Ek stel hom aan die man voor.

En nou van my (Sandra): Ons kuier in Switzerland was perfek (insluitende ons 'Creation celebration', Olimpiese Spele op TV en ure in die berge). So lekker om net ons gesinnetjie te wees. So lekker om tyd vir en met mekaar te hê!

Van Tobias se tyd in Romenië weet julle alreeds. Ook dit was baie goed en hy het, buiten Bybelstudies, smiddae saam met die ouens gespeel, gestap en gewees – en lang gesprekke gevoer. Een van die Moldawiese werkers het hom veral geraak. Hy het 'n paar maande gelede sy vrou aan kanker verloor. Hulle is/was beide vroeg 30's. Sy vrou was die personeelbestuurder vir OM. Hy is ongelooflik vol vrede oor die situasie en wil God voluit dien – ook nou.

Tobias word meer en meer deur gemeentes versoek om hulle op te lei om die nuwe denke onder die Duitsers te verstaan. Elke geleentheid moontlik sê ons 'ja'. As elke gelowige in Duitsland net weet om hul geliefdes aan Jesus voor te stel, staan Duitsland 'n kans om vir God te ontmoet. Ons is bly oor elke geleentheid wat hy kry om die doel te bereik.

Annelie se tyd met die OM tieners was baie kosbaar. Sy het nuwe vriende gemaak en kuier wêreldwyd met haar nuwe vriende op facebook. Sommige gesprekke tussen haar en 'n groep gebeur in tot 7 tale gelyktydig. Dit pas, want buiten haar bietjie Afrikaans wat sy nou onthou, moet sy Duits, Engels, Frans en Spaans leer. Goed dat sy dit kan gebruik. Haar geloof het in die vakansie van 'n kindergeloof na 'n volwasse geloof verander. "Awesome" is al wat n ma kan sê. Ook die kamp in ons kerk vir dogtertjies het baie goed gegaan. Sy het dit geniet en beplan om by ander aksies in die gemeente betrokke te raak. "Ander het dit vir my gedoen, ek wil dit weer vir ander moontlik maak", is haar leuse. Buiten skool (sy het 37 uur skool plus huiswerk) per week, is sy betrokke by heelwat aktiwiteite wat sy baie geniet. Sy sing koor, kry sanglesse en dwarsfluit lesse, gee Wiskunde ekstra klasse vir 'n Turkse kind en lewer koerante af.

Ilana was so pas met haar klas vir 'n week in 'n kasteel in die Swartwoud. Hulle het teen die mure van die kasteel uitgeklim (letterlik), leer pyl en boog skiet (tradisionele wapens is ook hier weer 'in') en 'zip-line' gedoen. En natuurlik nog meer.... Ek was nogal bekommerd oor haar saamgaan. Voor die week het die kinders in die klas gestry vir 'n hele uur lank, voor Ilana, omdat niemand haar in hul slaapkamer wou hê nie. Nou, na die tyd en baie gebede later, voel Ilana meer deel van haar klas as ooit tevore. Een kind het vir sy ma gesê dat hy Ilana beny oor twee dinge: Sy kan nog opgewonde raak oor dinge en sy is gemaklik met wie sy is. Ons is dankbaar vir die klein tekentjie dat Ilana klein bietjie meer deel van haar klas geword het. Sy is ook die jaar baie besig met ander dinge. Sy speel blokfluit, sing koor en kry sanglesse. Dan speel sy teater en swem.

Liesl werk aan haar fiets bestuurderslisensie. Geweet dat mens beboet kan word in Duitsland as mens loshande fietsry? Of dronk fietsry? Of nie op die fietsrypaadjies ry nie? Dit en nog baie meer reëls moet geleer en toegepas word. Die polisie self lei die kinders op en toets hulle teoreties en prakties en kyk dat hul fietse padwaardig is voor hulle 'n plakker op die fiets plak om te sê: jy is offisieel op die pad. Tot dan mag jy net op die sypaadjies ry.

In my eie lewe is daar nuwe ontwikkelinge. Ek het na baie maande van bid rondom 'waar-pas-ek-in' nou weer 100% vrede dat my plek huisvrou is. Duitsland plaas geweldige druk op die vrou om haar kant te bring en te werk. Self weet ek ek het baie gawes en voel soms dat ek dalk tog 'n formele plekkie in die samelewing moet vind. Maar die afgelope twee weke het ek weereens verstaan dat God regtig vir my by die huis wil hê. Sedert ek 'ja' vir God gesê het, is my huis vol met mense wat my nodig het. Letterlik as die een by die agterdeur uitstap, stap die volgende by die voordeur in. Almal wat raad soek, wil afpak, hulp nodig het. Ek staan verstom. Saans sit ek voor die rekenaar en help ver-weg mense of skype met hulle..... Nog iets waarmee ek vrede moes maak, is dat ons met ons relatief klein salaris moet uitkom en daardeur baie luukshede (soos aktiwiteite vir die kinders) nie moontlik is nie. Maar weereens: sedert ek die nuwe vrede gekry het, het drie mense al gebel ek gevra of hulle ons kinders kan 'sponsor' vir iets spesifieks. So daar word al ons musieklesse en geestelike kampe sommer so in een week gedek – sonder dat ek die nodige sente daarvoor verdien het. Ek sê nie dit is die beste vir elke mens nie, maar ek is opgewonde dat God so gelyktydig my plek bevestig, die nood bevestig en versorg. Wat n lekker ervaring! (Ek skryf dit neer dat ek dit sal onthou wanneer ek weer twyfel – so help my onthou ☺)

En wat maak my rug? 31 Oktober is dit een jaar sedert my rugoperasie. Sedert ek uit narkose wakkergeword het, het ek nog glad nie pyn gehad nie. Ek kan alles van vroeër doen en is 100% gesond! Dit is nie vanselfsprekend nie en ek sien dit as 'n geskenk van God. Dankie, Here!

So meer as genoeg van ons. Mag julle God se genade in julle lewens speur terwyl julle Hom dien daar waar Hy julle geplant het. Saam maak ons 'n ongelooflike beeld tot Sy eer!

Liefde

Tobias en Sandra Menges met Annelie, Ilana en Liesl.